LYNNWOOD GEMEENTE

'N JAAR VAN 2019 GASVRYHEID

10 FEBRUARIE

09:00 Erediens

Immanuel van Tonder

Vier alles wat goed en reg is in die wêreld! [Ps. 16]

09:00 Kleuterkerk

Almal baie welkom!

09:00 Kategese Gr 1 – 6 | Begin in die kerk

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe (Snr. Kat.)

Jeanri Bezuidenhout

Hoe leer ons God ken: God die Vader

Baie geluk aan die volgende jongmense wat vanaand belydenis van geloof aflê: *Janty Beukes, Emugene Botha, Izel Burger, Joanette Cameron, Jané Henning, Mignon Jordaan, Stephan Kruger, Mica Labuschagne, Frans Labuschagne, Danielle Landman, Jacques le Roux, Johan Richards, Emil Rolfes, Hilary Smit, Durandt Storm, Dino van Schalkwyk, Behandri van Tonder, Marné Viljoen, Helen Wilson.*

19:00 Belydenisklas

Die Drie-eenheid

17 FEBRUARIE

09:00 Erediens – Nagmaal

Peet Crous

Geen Jnr. Kategese of Kleuterkerk

18:00 Nagmaalfees & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Marina de Wet

19:00 Belydenisklas



Psalm 16

Lewendige interaktiewe verhoudingsbou-aand vir families op 28 Februarie 2019 vanaf 18:00-20:00 in Koinonia – aangebied deur Immanuel van Tonder.

Elkeen het reeds die twee vlerke wat hulle nodig het om gesonde families te bou. Ons moet dit net weer ontdek en inoefen. "*Kindfulness*" is 'n woord wat die twee vlerke mooi verwoord: *Mindfulness* (volbewus) en *Kindness* (deernisvol). By die geleentheid ontdek ons op interaktiewe wyse die vlerke en vlieg saam as gesin! Oupas en Oumas is meer as welkom. Stuur 'n SMS/WhatsApp aan 083 540 6015 as jy dit wil bywoon.

Voorbidding

Jacques Malan en gesin, voorheen van Alcadeweg 72, Lynnwood Glen, 083 866 4525 – Corrie oorlede. Begrafnis was Donderdag.

Abram van Heerden, Dianaweg 385, Lynnwood, (Philene 083 289 0607) – Lynnmed Kliniek.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 | 082 856 5959. **Gemeentevroue Groep 4** 09:30 (Ilze du Plessis, Die Rand 335A | 012 631 2588) – 'n verteenwoordiger van PEN kom gesels. Almal welkom! **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder 012 348 1982 | 083 2 856 5959. Tema: Die boek *Diamond Mind.*
Woensdag:	**Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323. **Gasvryheid Bedieningvergadering** 17:00 (A21). **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Jane van der Linde.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse Bybelstudie** (Sjêk) – Liani Louw 079 506 4078.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 | 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 | 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 | 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Tabita Naaldwerkklasse

Tabita benodig hulp by die Dinsdag- en Donderdagmiddag naaldwerkklasse in die saal. Daar is veral 'n behoefte aan persone wat bekend is met die uitknip van patrone. Skakel Selma 012 361 1626.

Die belydenisklas het die afgelope naweek gekamp!

Kontak van die week: Die pyn van die tweede pyl

Die antieke gelykenis van die tweede pyl vertel hoe 'n leermeester aan sy volgelinge vra of dit pynlik is as een pyl jou tref? Daarop het hulle geantwoord dat dit wel pynlik is. “En as 'n tweede pyl jou tref? Is dit meer pynlik”, wou die leermeester weet?. “Natuurlik!”, het hulle beaam.

Daarna het die leermeester verduidelik dat ons geen beheer het oor die eerste pyl van pyn en trauma wat die lewe soms oor ons bring nie. Dit verwys na onaangename gebeure buite ons beheer wat almal van ons tref. Die tweede gifpyl wat ons tref is die reaksie van ons gedagtepatrone wat drogstories in ons koppe skep en ons emosionele reaksie daarop. Dit veroorsaak die meeste lyding! Aan die tweede pyl kan egter iets gedoen word.

As mens die drogstories en gruwelverhale wat jou kop genereer onkrities aanvaar bring dit meer intense pyn. Dink maar net hoe baie keer jy jouself heeldag met pynlike verhale, woede, herinneringe of bekommernisse kan pynig. Dit kan diep gedagtegroewe word waar jou gedagtes heeltyd oor-en-oor die goed uitgetrapte paadjies van pyn stap.

Dis nodig en gesond om eerlik die rou realiteit van die eerste pyl se pyn met deernis en nuuskierigheid tegemoet te gaan. Maar wanneer ons bewussyn geoefen word om die tweede pyl met ernstige agterdog te bejeën, word jy vry van die tweede pyl se diep droefheid, hopeloosheid, moedeloosheid en angs!

Terwyl ons verlede jaar staan en kyk na ons huis wat afbrand, het ek en Bernard vir mekaar gesê dat ons nou hierdie hele ervaring soos 'n stukkie empiriese navorsing gaan benader. Ons wil fyn bewus wees van die stories wat ons koppe genereer, en die emosies wat daarmee gepaard gaan. Ons kan nie al die fopnuus (fake news) van ons koppe sommer net glo nie. Dit is nodig dat ons ons aandag by die rou werklikheid hou en daardie uitdagings wys hanteer. Hierdie stukkie afstand van ons gedagtestories en emosies het ons gehelp om onsself en ander met deernis te benader. Daar was selfs 'n diep vrede te midde van alles!

Mens kan bewustelik oefen om elke dag oor-en-oor-en-oor die verhale in jou kop met aandag en deernis dop te hou. Sonder om daarteen te veg, kan jy dit net rustig hoor en laat gaan. In die begin vat dit nogal fokus en oefening, maar met verloop van tyd word hierdie vryheid van jou drogbeelde en reaksionêre emosies 'n patroon van lewe.

In Jesus se refleksie in Matt 6 oor spanning en bekommernisse doen hy presies dit. Hy nooi ons om bewus te raak van die gedagtes en gepaardgaande bekommernisse oor die toekoms. Daarna nooi Hy ons na die hede, in hierdie moment, waar die Vader alles gee wat nodig is vir die blomme en die wilde voëls, en vir ons...

Geniet vandag vryheid van die pyn in die tweede gifpyl!

Groete
Immanuel van Tonder
(Namens die predikantespan)

2019 | kwartaal een

15 Feb | JV Sokkie
16 Feb | Graad 8-11 Social
17 Feb | Sokkie Sondag & Nagmaalsfees
10 Maart | Ya Bana Uitreik
12-14 April | JV Kamp

NUWE GENERASIE
ONS · DOEN · LEWE · SAAM

Kontak ons!

012 348 1245
Kantoorure: Ma-Do 07:30 – 13:00, Vry 08:00-12:00
kerkkantoor@nglynnwood.co.za;
www.nglynnwood.co.za
Posbus 36430, Menlopark, 0102
Sussexlaan 439, Lynnwood (GPS: S 25° E 28° 15.93)
084 588 4948 Juan Ferreira (koster)
073 267 7019 Maretha Brits (kombuis)
bets@nglynnwood.co.za (lokaalhuur)
012 348 1245 (CD bestellings (diens en begrafnis)
kerkkantoor@nglynnwood.coz.a (Muur van herinnering)

Lidmaatskap: Het jou inligting verander of wil jy 'n lidmaat word? Aanlynvorm: **www.nglynnwood.co.za – meer info – vorms | Kontak: 012 348 1245 of e-pos** bets@nglynnwood.co.za.

Doopregistrasie: Aanlynvorm: **www.nglynnwood.co.za – meer info – vorms | Kontak:** 012 348 1245 of e-pos bets@nglynnwood.co.za.

Klein advertensies: stuur gerus vir plaas op die kennisgewingborde en in *Gemeenskapsblad* op die web.
Kliek hier vir die *Gemeenskapsblad* (pdf).

GOOI IN KOLLEKTEBORD |
HANDIG IN BY DIE *INFO*-TOONBANK

Besoeker? Nuwe intrekkers? Ons wil jou graag leer ken!
Naam & Van: .....

.....

.....

@ .....

☎ .....

Enkel ☐ Jonggetroude ☐
Tiener ☐ Gesin ☐
Student ☐ Senior-lidmaat ☐
Jongvolwassenes ☐

Selfoon vir die Gemeente *WhatsApp*

Ons wil graag vir die gemeente 'n WhatsApp nommer kry wat kommunikasie kan vergemaklik. Indien u moontlik 'n oortollige selfoon beskikbaar het wat met Toeps (Apps) kan werk, laat weet asseblief die kerkkantoor by 012 348 1245.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Herwinningshouers:
In die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artikels. Maak asseblief artikels kartonhouers en blikkies plat.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar. Dankie vir u ondersteuning.

Vind ons op facebook by die volgende groepe:
Lynnwood Gemeente, Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente

Deel dit met ons!
Het jy 'n **voorstel/droom/inspirasie** om te deel oor ons gemeente? Stuur 'n e-pos aan kerkkantoor@nglynnwood.co.za

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing.
Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA
Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014
(gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.